

29 Oktober

'n Oop pad tot in die allerheiligste hemel

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-39

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19-20

Die oë van die priesters het heel jaar tydens hulle dienswerk op die groot gordyn, die voorhangsel, gerus. Wanneer hulle in die heilige gaan offer het, was die blou, pers en bloedrooi voorhangsel met gerubs daarop geborduur die skeiding na die Allerheiligste van die heiligdom. Dan het hulle besef: Niemand mag daar ingaan nie, behalwe die hoëpriester en dan slegs een maal per jaar.

Daardeur is beklemtoon hoe groot die skeiding tussen God en sy volk was. Hulle was mense soos ons, swakke sondaars wat so maklik verlei is tot afgodsdienste en opstandigheid teenoor die Here. Wie sou die pad na die heilige God oopmaak? Al die offers van die Ou Testament was onvoldoende.

God gee daardie Hoëpriester, Jesus Christus. Hier op aarde word Hy geoffer vir ons sondes. Toe het die tempel se voorhangsel middeldeer geskeur. Maar Hy het met sy hemelvaart tot in die hemelse Allerheiligste ingegaan en by sy Vader is sy offer aangebied.

Dit is voorwaar 'n nuwe pad wat oopgemaak is – van die aarde na die hemel. Vir elkeen wat glo, is die swaar voorhangsel weggeskuif. In die geloof sien ons God op sy troon. Ons kan in die erediens en in ons binnekamer direk met Hom kommunikeer, want Jesus is die nuwe pad na die Allerheiligste.

Jou gewete word skoon gewas deur die sekerheid dat jou Hoëpriester die volle offer vir jou sondes gebring het. Met blye vrymoedigheid kan jy God tegemoet gaan. Hou vas aan die hoop wat jy bely, want eendag sal jy van aangesig tot aangesig met God wees. In sy hemelse Allerheiligste, rein van alle sonde.

Sing: Skrifberyming 45:3, 8

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)